*Korporatief/Corporate*
Grahamstadweg 61 Grahamstown Road
Noordeinde/ North End
Port Elizabeth 6001
Posbus / PO Box 2002
Noordeinde/ North End 6056
Direk / Direct: 041 503 3060
e-pos / e-mail:jo.oosthuizen@bkb.co.za

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

3 Augustus 2026

Geagte aandeelhouer

**NOMINASIE VAN KANDIDATE VIR DIREKSIEVERKIESING 2026**

Kragtens klousule 27.4.3 van die akte van oprigting van die maatskappy ("akte van oprigting") tree Mnre.G E J Kingwill, E A Meyer en V Pillay, wat as direkteure van die Maatskappy ingevolge klousule 27.2.2.1 van die akte van oprigting aangestel is, af as direkteure by die algemene jaarvergadering van die maatskappy wat op of omtrent 18 November 2026 sal plaasvind ("Algemene Jaarvergadering").

Al die aftredende direkteure, wie deur die Raad van Direkteure ("Raad") aanbeveel word, is as direkteure herverkiesbaar. Die Raad beveel aan dat die drie vakatures gevul word en aandeelhouers van die Maatskappy ("Aandeelhouers") is geregtig om verdere persone te nomineer om hierdie spesifieke vakatures te vul.

**KENNIS GESKIED DUS HIERMEE DAT NOMINASIES INGEWAG WORD VAN KANDIDATE VIR DIE VERKIESING VAN DRIE DIREKTEURE**

ʼn Oorspronklike nominasievorm, behoorlik **geteken deur 'n aandeelhouer wat gemagtig is om op die algemene jaarvergadering teenwoordig te wees en daarop te stem** (wie die genomineerde direkteur mag wees), tesame met die skriftelike verklaring van die genomineerde dat hy homself verkiesbaar stel (tensy ʼn persoon homself nomineer), moet nie later nie as **17:00** op **28 Augustus 2026** by die hoofplek van besigheid van die Maatskappy ingedien word by die volgende adres:

Die Maatskappysekretaris vir BKB Beperk
Grahamstadweg 61, Noordeinde, Port Elizabeth, 6001; of
Posbus 2002, Noordeinde, Port Elizabeth, 6056
E-pos: jo.oosthuizen@bkb.co.za

'n Direkteur word ingevolge klousule 27.4.1 van die akte van oprigting nie verplig om enige kwalifiserende aandele te hou nie.

In die mate waarin daar enige teenstrydighede tussen die inhoud van hierdie aankondiging en die Akte van Oprigting mag wees, geniet die Akte van Oprigting voorkeur, onderhewig egter aan die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008.

**Op las van die Raad**

**J OOSTHUIZEN**
**MAATSKAPPY SEKRETARIS**



*Directors* : G E J Kingwill (Chairman) | E A Meyer (Vice-Chairman) | J E Stumpf (Managing) | A S du Toit (Executive) | J A van Niekerk (Finance)
C D Hobson | J F Janse van Rensburg | V Pillay | H C Staple | C F Fick | J G Louw | M C Mogase. *Company Secretary* : J Oosthuizen
BKB Limited : 1998/012435/06 | Registered at the Agricultural Produce Agents Council in terms of Act 12/1992 FIDELITY FUND CERTIFICATE No. 79